# WERKKAART 4

# MODULE 4

Blaai na die gedig "Die motorbegraafplaas" op bladsy 96 en beantwoord die volgende vrae.

1. Vorm deelwoorde van die volgende woorde in die gedig.
   a) Die geeste wat ronddwaal, is (dwaal) geeste.
   b) Die motors brul soos hul jaag; dit is (brul) motors.
   c) Die ou tjor het 'n (duik in) neus.
   d) Die wrak lê op die hoop. Pieterman is nou (bed lê) omdat hy verongeluk het.

2. Sommige deelwoorde ondergaan vokaalverandering. Dié woorde het dan gewoonlik 'n figuurlike betekenis. Skryf die korrekte vorm van die deelwoorde tussen hakies.
   a) Na die ongeluk is die kind aangeneem. Hy is nou 'n (aanneem) kind van 'n kinderlose egpaar.
   b) Die polisieman is die (aanwys) om die ongeluk te ondersoek.
   c) Die motorbegraafplaas is op 'n (afgeleë) gebied geleë.
   d) Pieterman was die (nie skrik) held wat sy oupa se Korsê weer kon herstel.
   e) Die Chewwie en Fordjie is (sweer) vyande vandat hulle in die ongeluk beland het.

Blaai nou na bladsy 101 en lees die teks "Lyf kinders só in fietsry in".

3. Watter skryfteken kom in die opskrif op die woord "só" voor.

4. In paragraaf 4 kom dieselfde teken as in die opskrif voor.
   a) Watter betekenis het hierdie skryfteken in die sin in paragraaf 4?
   b) Gebruik nou dieselfde skryfteken sodat die aksie/werkwoord uitgelig word.

5. In paragraaf 4 kom 'n sin voor wat in die ontkenning geskryf is. Herskryf die sin sodat dit nie in die ontkennende vorm is nie.

6. Herskryf die volgende sinne van paragraaf 5 in die ontkenningsvorm. Begin met die woorde in skuinsdruk.
   a) Leer die kind van meet af aan om alle padreëls te gehoorsaam. *Moenie . .*
   b) Jy moet die kinders leer om egalig en versigtig te ry. *Nee, . . .*

7. Skryf die volgende sinne in die ontkennende vorm.
   a) Iemand moet die kinders leer fietsry.
   b) Die motor het van êrens op die fietsryer afgepeil.
   c) Die opgewonde seun het alreeds sy fiets gewas.
   d) Het jy al ooit die kinders teen onverskillige motorryers gewaarsku?

8. Skryf die bywoorde neer wat in die volgende sinne voorkom.
   a) Die kinders ry daagliks in die strate rond.

b) Die bestuurder jaag onverskillig in die strate.

c) Die pomp is altyd stukkend as ek die wiele vinnig wil pomp.

d) Die kind se fiets moet perfek by sy liggaam pas.

Blaai na die teks op bladsy 103.

9. a) Skryf die bywoord neer wat in die opskrif voorkom.

b) Herskryf die eerste sin van paragraaf 2 en voeg bywoorde by die werkwoorde.

c) !n die slotsin is 'n bywoord. Skryf die woord neer.

Blaai na die spotprent op bladsy 111.

10. Herskryf die verkeersbeampte se woorde in die laaste raampie en voeg die volgende bywoorde by:

a) Bywoord van tyd

b) Bywoord van wyse

c) Bywoord van plek

**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**
**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.